Goeie More Gr4's,
Julle gaan hierdie week 'n bietjie meer SW doen. Ons gaan Dinsdag, Woensdag, Donderdag en Vrydag SW doen. Aktiwiteite word op lyntjies papier gedoen. Merk asb die werk met die leerders. Bewaar die werk op 'n veilige plek vir wanneer die skole weer begin. Hierdie is **nuwe werk**, dus is dit uiters belanglik.

**Donderdag, 14 Mei 2020**
**Geskiendenis**

# Gandhi en 'n nuwe manier van baklei

## Satyagraha – veg terug sonder geweld

Indiërs het in 1860 na Suid-Afrika gekom. Hulle was hoofsaaklik baie arm mense wat nie in Indië kon oorleef nie. In Suid-Afrika was daar nie genoeg mense om op die suikerplantasies in Natal wat aan blankes behoort het, te werk nie. Indiërs wat baie arm was, is oorreed om na Suid-Afrika te kom.

Hulle is baie min geld betaal om op die suikerplantasies in Natal te werk. Hulle is baie sleg behandel. Sommige ryk Indiërs het ook na Suid-Afrika gekom om besighede te begin.

Soos jy in die verhaal van Nelson Mandela gelees het, het die wette in Suid-Afrika swart Suid-Afrikaners se menseregte weggevat. Indiërs is as "nieblank" beskou en ook baie onregverdig behandel.

## Satyagraha

Gandhi wou die onregverdige wette sonder geweld verander. Hy het ander mense geleer om vreedsame maniere te gebruik om te wys dat die wette onregverdig was. Hierdie nuwe soort manier van veg, is Satyagraha genoem. Satyagraha is 'n Hindoe-woord wat beteken "die mag en liefde wat sonder geweld uit die waarheid kom".



Aktiwiteit 1:

1. Skryf die woord 'Satyagraha' drie keer neer om seker te maak dat jy dit reg spel.
2. Skryf neer wat 'Satyagraha' beteken.
3. Teken die boom met die hart op jou lyntjies papier oor.
4. Skryf woorde op die hart en die boom wat verduidelik wat 'Satyagraha' beteken.

Memo Aktiwiteit 1:

1. Satyagraha, Satyagraha, Satyagraha
2. Die mag en liefde wat sonder geweld uit die waarheid kom.
3. Leerders teken die boom met die hart oor op hul lyntjies papier.
4. Leerders skryf woorde soos: vreedsaam, liefde, niegeweld op die boom en hart neer.

## Gandhi lei die Groot Optog

In 1913 wou die blanke regering die Indiërs 'n spesiale belasting laat betaal. Indiese werkers het gesê dit is onregverdig en het begin staak. Dit beteken hulle het opgehou werk. Om aandag te vestig op hoe onregverdig die belasting was, het Gandhi duisende mans, vroue en kinders in 'n vreedsame protesoptog teen die belasting gelei. Die optog is die Groot Optog genoem. Hulle het die hele pad van Durban na Johannesburg gestap.

Gandhi is gedurende die optog drie keer gearresteer en vrygelaat, maar die mense het aanhou stap. Toe die optoggangers deur die polisie aangeval is, het hulle nie teruggeveg nie. Gandhi het samesprekings met die regering gehou. Wit besighede het gesukkel, want daar was nie genoeg werkers nie. Die spesiale belasting is geskrap.




**Duisende Indiërs stap in die Groot Optog in 1913 om teen onregverdige wette te protesteer.**


## Gandhi keer terug na Indië

Gandhi se manier om teen onregverdigheid te stry, het oor die hele wêreld beroemd geword. Na die Groot Optog het Gandhi teruggekeer na Indië, maar hy het iets in Suid-Afrika begin. Andere soos Nelson Mandela het Satyagraha teen onregverdige wette ingespan.

Gandhi het sy niegewelddadige stryd vir menseregte in Indië voortgesit. Hy is die Mahatma genoem. 'Mahatma' is 'n Hindoe-woord wat 'Groot Gees' beteken.



Gandhi het 'n eenvoudige lewe gelei. Hy het nie meer Westerse klere gedra nie. Hy het die klere van 'n inwoner van 'n Indiese dorpie gedra.



Toe Gandhi gesterf het, het hy skaars enigiets besit. Van sy besittings was 'n horlosie, bril, sandale en bakkies om uit te eet.

Aktiwiteit 2:
1. Voltooi die volgende sinne:
a. Mahatma is 'n ander naam vir…..
b. Satyagraha beteken…..
c. Ek kan 'n goeie leier wees onder my vriende deur….

Memo van Aktiwiteit 2:
1. a) Groot Gees
   b) die mag en liefde wat sonder geweld uit die waarheid kom.
   c) leerder se eie antwoord.